PLATINUM Weekblad/Weekly



# SPORT

# RHS o/16A netbalspan wen SAs




Voor van links: Kayla van Tonder, Monique van der Heever, Michelle Geduld, en Carney Fourie. Agter van links: Sharmari Naude (spanbestuurder) Su-mari Rocher, Anri Liebenberg, Nicole Theart, Chelize Swart en me Elsa Morris

**Rustenburg** – Die o/16A-netbalspan van die Hoërskool Rustenburg (RHS) het vanaf 4-6 Augustus aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe te EG Jansen in Boksburg deelgeneem.
Hierdie spannetjie droom al sedert hul o/14 jaar daarvan om die SA kampioene te wees, en het nou uiteindelik hulle ideaal bereik. Hulle het eerste geëindig en is nou die kampioen van kampioene!
Me. Elsa Morris, afrigter van hierdie span, het met voorbereiding reeds geglo die meisies het wat nodig is om die beste o/16-span in die land te wees. Haar absolute toewyding teenoor die span en ook teenoor die ontwikkeling van volle potensiaal het beslis 'n reuse rol in hulle oorwinning gespeel!
In hulle poel wen die meisies Waterkloof 16-11, Bergvlam 39-6, Nico Malan 23-14, Duimeveld 27-4 en Piersburg 31-8. In die kwart-finaal wen hulle Nelspruit 22-18 en in die semi-finaal teen Paarl Gim, wen hulle 17-13. Laastens speel hulle in die finaal teen Bloemhof van Stellenbosch en wen 22-11.
"Hierdie spesiale groep meisies droom al sedert hul o/14 jaar van hierdie oorwinning, en het nooit moed opgegee nie. Selfs toe dit lyk of klein jakkalsies, soos die hoofdoel se voet wat deur 'n by gesteek is en infeksie opgedoen het, of toe die AV so siek raak dat sy nie in die finaal kon speel nie, hulle kanse op wen gesteel het, het die dames aanhou glo en veg. Hulle verdien uit en uit hulle oorwinning," sê Morris.

# 2017 Superrugby Finaal

LIONS VS CRUSADERS

**Lions vs Crusaders**
In *Jo'burg* word Ellispark met 'n rekord skare van 62,000 vermaak met drama van die hoogste gehalte! Nadat die Leeus die 2016 kampioene 'n week gelede geklop het en as gunstelinge opgedraf het in die finaal, het daar 'n wrede ontnugtering gewag.
Die Crusaders klop die Leeus 25-17 en verower vir die agste keer die Super titel. Die rooikaart wat Leeu Kwagga Smit in die 38ste minuut van die eerste helfte gekry het was *fatal*. Op daardie stadium van die geveg was die *Saders* absoluut in beheer van die *game* ou grote.
Daar gaan nog baie gedebatteer word langs die braaivleis vure maar die beste span het op die einde van die dag as oorwinnaars van die veld gestap. Vir Johan Ackermann was die verloor nog meer emosioneel want dit was die ou grote se laaste *game* as *coach*.
Welgedaan Leeus, om vir twee jaar agtereenvolgens in 'n superfinaal te kon speel is 'n groot prestasie. Swys Joubert, wat nou die leisels oorgeneem het by Akker as hoof *coach*, het 'n goeie trop Leeus wat hy na 2018 kan neem en weer 'n aanslag maak op die Supertitel.
So eindig die 2017 Superreeks dan met die naald in die rooi…
**Nag ou grote!**

## Curriebeker Ruggas 2017

VS GRIQUAS

**Haaie vs Griekwas – 4 Augustus**
In die Haaitenk speel die Haaie kookwater *ruggas* en klop die Griekwas gemaklik 41-3. Vir die Haaie het Jacques Vermeulen op flank en Sibusiso Nkosi op linkervleuel uitgeblink. Die Haaie se volgende *game* is teen die Bulle op Fort Loftus. Die Griekwas gaan tuis teen die WP uitdraf.

W.P. RUGBY VS Pumas

**WP vs Pumas – 5 Augustus**
Op Nuweland klop die WP die Pumas 34-19 maar moes hard werk vir hierdie wen. Die tuisspan se skrumwerk het die deurslag gegee. Die Pumas was met rustyd 12-10 voor, maar het gesig onder druk in die tweede helfte ou grote. Die WP se volgende *game* is teen die Griekwas in Kimberley met sy klipharde veld. Die Pumas speel op 9 Augustus teen die Cheetahs in Nelspruit.

BLUE BULLS VS LIONS

**Blou Bulle vs Goue Leeus – 5 Augustus**
Op Fort Loftus was die Blou Bulle in 'n verwoestende bui en ransel die Goue Leeus behoorlik af ou grote. Die Pretorianers wen verspot maklik 54-22 in 'n drieë fees voor 'n handjie vol ondersteuners, maar was seker maar die koue weer... Die Bulle speel volgende tuis teen die Haaie met die Leeus wat 'n loslootjie geniet.

GRIQUAS VS W.P. RUGBY

**Griekwas vs WP – 9 Augustus**
In Kimberley verras die Diamantboere en laat val die WP in die groot gat ou grote! Die Griekwas wen welverdiend 44-35 en speel volgende teen die Cheetahs in Bloem met die WP wat op Nuweland teen die Bulle gaan uitdraf.

Pumas VS CHEETAHS

**Pumas vs Cheetahs – 9 Augustus**
Die Pumas het regtig kliphard probeer tot einde toe teen die Cheetahs in Nelspruit, maar moes met 45-34 die onderspit delf. Die Cheetahs is nou die enigste onoorwonne span in die reeks en speel volgende teen die omgekrapte Griekwas in Bloem. Die Pumas het volgende 'n loslootjie.

BLUE BULLS VS

**Blou Bulle vs Haaie – 9 Augustus**
Oops! Net toe 'n mens begin dink die Bul gaan nie weer van die vloer af vreet nie, bewys hulle ons verkeerd ou grote. Op Fort Loftus klop die Haaie die Bulle 28-10 in 'n klipharde *game*. Vir die Haaie was die wen smaaklik en hulle verdien dan 'n belangrike bonuspunt. Die Haaie speel volgende teen die Goue Leeus in Jo'burg met die Bulle wat Kaapstad toe reis om teen die WP te gaan uitdraf.
**Nag ou grote…**

** Namens die Platinum Sport Redaksie net 'n groot rondte van applous aan Wayde van Niekerk wat sy Wêreldtitel in die 400m suksesvol verdedig het!

SUPER RUGBY

Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!

# PLATINUM EVENT DIARY

| EVENT NAME | DATE | VENUE | CONTACT NO | EMAIL / WEBSITE |
|---|---|---|---|---|
| Lebone Arts Fesival - Little Town of Good Manners | 7-12 Aug'17 | RTB: Lebone College II | 014-566 1517 | Kelebone.phalane@lebonecollege.co.za |
| Tania V | 5 Aug '17 | RTB: Windgatsaal | 083-700 4168 | gerald.allround@mweb.co.za |
| Vrouedag Vreugde Seminaar | 9 Aug '17 | RTB: NG Kerk Suid | 014-592 2419 | ngrbsuid@gmail.com |
| 7de Huismark vir Vrouedag | 9 Aug '17 | RTB: Boshoffstraat 34 | 072-140 4777 | anniedejager1407@gmail.com |
| Charl du Plessis Trio Concert | 9 Aug '17 | RTB: Lebone College II | 014-566 1510 | frontoffice@lebonecollege.co.za |
| Valiant Swart | 11 Aug'17 | RTB: Die Tarentaal Teater | 079-341 3420 | michele@tarentaalteater.co.za |
| Marico Mountain Bike Classic | 12 Aug '17 | Groot Marico | 083-272 2958 | info@marico.co.za |
| TSKKIA Karate: Grappling Competition Rustenburg | 12 Aug '17 | RTB: Methodist Church (Unie St) | 082-463 1073 | tskkia@gmail.com |
| Hoërskool Rustenburg Opedag 2017 | 16 Aug'17 | RTB: Hoërskool Rustenburg | 014-592 1365/6 | skakel@hsrtb.co.za |
| Heinz Winckler | 18 Aug'17 | RTB: Die Tarentaal Teater | 079-341 3420 | michele@tarentaalteater.co.za |
| Christelike Vrouekamp | 18-20 Aug '17 | Witbank: Chrisma Lodge | 083-417 5692 | tpieters8@gmail.com |
| Cycling: MTB CANSA Lost City | 19 Aug '17 | RTB: Sun City | 082-806 4906 | rustenburg.cycling@gmail.com |
| Mr & Miss Bojanala 2017 | 19 Aug '17 | RTB: Rustenburg Civic Centre | 078-329 8363 | obbydabrand@gmail.com |
| Cycling: Road CANSA Lost City | 20 Aug '17 | RTB: Sun City | 082-806 4906 | rustenburg.cycling@gmail.com |
| Plaasdans & Braai | 25 Aug'17 | RTB: Hervormde Geneemte Rtb- Suid | 014-592 6900 | nhrbsuid@gmail.com |
| Zumba Marathon Fundraiser | 26 Aug '17 | MOOINOOI: Grace Help Centre | 014-574 3476 | gracehelpcentreoffice@gmail.com |
| MOTOR SHOW, Rustenburg | 26 Aug'17 | RTB: Bergsig Academy | 014-533 2046 | motorshow@hsbergsig.co.za |
| Willeste Fees | 26 Aug'17 | RTB: Hervormde Geneemte Rtb- Suid | 014-592 6900 | nhrbsuid@gmail.com |
| Joe F | 29 Aug '17 | RTB: Windgatsaal | 083-700 4168 | gerald.allround@mweb.co.za |
| SAVF charity golf day | 31 Aug '17 | RTB: Rustenburg Golf Club | 072-480 1108 | rustenburg.admin@savf.co.za |
| Moses Kotane Heritage Discovery Walk (126km) | 31 Aug-4Sept '17 | LEGKRAAL: Molatedi Dam | 073-209 8710 | seemiseobakeng@gmail.com |